SONDAG 39VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR GESAG

Graad 0 – 5 (Rooi boekie)	Graad 6 – 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
104a V Wat beveel God my in die vyfde gebod? A God beveel my om aan my ouers en almal wat oor my gestel is, eer, liefde en trou te bewys. 104b V Wat eis die vyfde gebod nog verder? A Ek moet aan my ouers en almal wat oor my gestel is, gehoorsaam en onderdanig wees. 104c V Waarom moet ek met hulle swakhede en foute geduldig wees? A Ek moet met hulle geduldig wees omdat dit God is wat hulle oor my gestel het.	104 V Wat eis God in die *vyfde gebod?* A. Ek moet my ouers en almal wat oor my gestel is alle eer, liefde en trou bewys en my aan hulle goeie leer en straf onderwerp. Ek moet met hulle swakhede en gebreke geduld hê, omdat dit God behaag en my deur hulle te regeer.	104 *Vraag*: Wat eis God in die vyfde gebod? A*ntwoord*: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c). (a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24;1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21: